SA GEMEENTE IN DIE VK

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Die SA Gemeente in die Verenigde Koninkryk het ‘n vakature en beroep ‘n leraar met ingang 1 Oktober 2023 vir ‘n 5 jaar kontrak met die opsie van verlenging vir ‘n volgende 5 jaar.

Wie is ons en wat doen ons?

Die SA Gemeente wil graag *“‘n geestelike tuiste vir wêreldreisigers”* wees.
In ons strewe om hierdie roeping uit te leef, help ons mekaar ….

- om ***tuis*** te kom deur die skep van gesonde verhoudings, sinvolle groepbyeenkomste en gereelde saamkuiers;
- om ‘n ***geestelike*** tuiste te skep deur goed beplande, kreatiewe eredienste en ‘n verantwoordelike lees van die Bybel;
- om sinvol as gelowiges ***in die wêreld*** te leef en as gemeente betrokke te bly by plaaslike en internasionale sendingprojekte.

Ons gemeente is deel van die *gereformeerde tradisie*, maar akkommodeer graag ‘n wye verskeidenheid spiritualiteite. Ons bedien die evangelie in *Afrikaans*, maar maak ruim voorsiening vir Engelssprekende persone deur byvoorbeeld vertalingsdienste by elke erediens aan te bied.

Die gemeente word in drie wyke verdeel: Noordwyk (met eredienste in Loughton en Birmingham), Londenwyk (met eredienste in Londen) en Suidwyk (met eredienste in Guildford en Maidstone). Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die bediening in Suidwyk.

Wat is ons uitdagings?

Soos alle gemeentes, het ons ook ons eie kontekstuele uitdagings, soos byvoorbeeld …..

- Die aard en samestelling van ons gemeente lei tot ***voortdurende verandering***. Daar is onder andere ‘n konstante beweging van lidmate vanaf Suid-Afrika en terug;
- Die ***kinders en jongmense*** in ons gemeente leef binne eiesoortige omstandighede en moet daarvolgens bedien word;
- Ons hou nie elke Sondag by al die punte erediens nie en ons lidmate woon ver uitmekaar. ***Elektroniese kommunikasie*** vorm dus ‘n integrale deel van die bediening.

Wie kan aansoek doen?

As jy jou kan vereenselwig met die bogenoemde kort beskrywing van dit wat ons doen, dink dat jy oor die eienskappe beskik wat kan help om ons uitdagings aan te spreek, en gelegitimeer is met volle ampsbevoegdheid, is jy welkom om voor 28 Februarie 2023 aansoek te doen volgens die riglyne wat op ons webblad beskikbaar is by www.sagemeente.com

Jy kan ook verder navraag doen by een van die leraars:
Dr Ferdie Clasen (ferdie@sagemeente.com)
Dr Rian Steyn (rian@sagemeente.com)
Ds André Harmzen (andre@sagemeente.com)

Die kerkraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.